# Laerskool Eligwa

Nuusbrief Nr. 5 van 2025

8 April 2025

Geagte Ouers / Voogde

Baie welkom terug na die vakansie. Ons glo en vertrou dat u ‘n aangename rustyd met u kind(ers) geniet het. Neem asseblief kennis van die volgende sake:

**1. AKADEMIE**

Ons amptelike ouermiddag is Maandag, 14 April 2025 **vanaf 14:00 tot 16:00.** Slegs leerders wat briewe ontvang se ouers word uitgenooi na die ouermiddag. Ons doen ‘n vriendelike beroep op ouers om by die punt te bly en u kind se leerprobleme met sy/haar onderwyser te kom bespreek. Parkering is beskikbaar op die B-rugbyveld.

**2. PERSONEELSAKE**

Baie geluk aan Mev. Mariska Kuhn (nee Cox) wat in die huwelik getree het. Mag Sy genade julle ongelooflik seën. Ons verwelkom graag vir Liné Broodryk by Eligwa. Baie welkom by ons skool en mag u sommer baie gelukkig wees en vinnig inskakel in ons gemeenskap.

**3. AFWESIGHEDE**

Daar is baie leerlinge wat op ‘n daaglikse basis afwesig is. Kinders verloor ongelooflik baie werk indien hulle nie by die skool is sonder ‘n geldige rede nie. Die ENIGSTE geldige rede is dood en siekte. Assessering vind deurlopend plaas en nie net gedurende formele assessering nie. Indien leerders dus afwesig is, het dit ‘n negatiewe uitwerking op hulle punte. Ons doen dan ook ‘n beroep op ons ouers om toe te sien dat leerlinge stiptelik is in die oggend. Die registers word vroeg voltooi en daar word dadelik met akademiese werk begin. Dit is baie ontwrigtend indien leerlinge laat is en personeel die akademiese program moet staak om laatkommers te akkomodeer. Baie dankie vir u begrip in die verband.

**4. KARNAVAL**

U het reeds al die inligting ontvang rakende ons karnaval. Baie dankie byvoorbaat vir u positiewe gesindheid en ondersteuning. Kaartjies sal te koop aangebied word in ‘n boekieformaat om ‘n bottelnek op die betrokke dag te voorkom. Leerlinge kan reeds begin betaal vir die ***Fun Jumping Castles Inflatables*** bandjies (R90) en kaartjies (boekie vir R100 – maatjies, boeties en sussies kan deel) Maak dus in u begroting daarvoor voorsiening. Die kaartjies en bandjies vir die ***Fun Jumping Castles Inflatables*** sal op die oggend van die karnaval aan die leerlinge uitgedeel word. Die sluitingsdatums vir die inbetalings van die borgvorms is Woensdag, 7 Mei 2025. Die karnaval is nie net vir ons leerlinge nie, maar ook vir ons ouers. Kom geniet die kosstalletjies saam met u kind en deel in die pret. Baie dankie byvoorbaat vir u positiewe gesindheid en ondersteuning.

**5. BESOEKE AAN DIE SKOOL**

Soos in ons vorige skrywes vermeld, is u welkom om afsprake met leerkragte te maak. Ons versoek u egter vriendelik om dit **vooraf telefonies of skriftelik** te doen en nie net by die leerkrag op te daag nie. Ouers van veral die grondslagfase moet ook asseblief by die reëlings bly. Ons grondslagfasedames is na 13:00 met administratiewe pligte of met vergaderings besig en kan u nie altyd sonder 'n afspraak te woord staan nie. By voorbaat dankie vir u begrip en ondersteuning in die verband.

**6. GR. RR,R EN 1 OPEDAG**

Bogenoemde opedag vind plaas op Woensdag, 28 Mei 2025 vanaf 17:00 tot 19:00. Lig asseblief alle belangstellendes waarvan u weet oor bogenoemde in.

**7. SKOOLDRAG**

Vanaf 12 Mei 2025 word wintersdrag gedra. Ons wil graag 'n vriendelike beroep op u doen om u kinders volledig in skooldrag skooltoe te stuur. Dit bevorder 'n eenheidsgevoel en 'n skooltrots. Vrydagdrag sal ook toegelaat word. Barendkouse mag ook saam met die sweetpakke gedra word.

**8. KOMMUNIKASIE**

Gebruik asseblief die volgende e-posadresse om met die skool te kommunikeer.
lseligwa@eligwa.co.za
navrae@eligwa.co.za
admin@eligwa.co.za

**9. LOCHVAAL WELSYN**

Lochvaal Welsyn het die skool genader vir hulp i.t.v. nie bederfbare produkte. Hulle kyk tans na 22 kinders waarvan 2 babas is. Hulle is tans in voedselnood en benodig die volgende produkte: blikkies kos, toiletware, droë kositems soos rys en sop, smere vir brood asook waslappe en handdoeke. Kom ons reik uit en wys Eligwa gee om. Indien elke kind slegs een van bogenoemde items kan bring, sal dit baie help. Ons gaan u geleentheid gee tot komende Vrydag, 11 April 2025, om die items skool toe te stuur. Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning

**10. BELANGRIKE DATUMS**

| | |
|---|---|
| Woensdag, 9 April | : Rugbyproewe - O/12 by Kollegepark<br>- O/13 by Emfulenipark |
| Donderdag, 10 April | : Rugbyproewe - O/12 by Kollegepark<br>- O/13 by Emfulenipark |
| Vrydag, 11 April | : Minisport by Vaalpark. |
| Saterdag, 12 April | : Rugby en netbal by Midvaal. |
| Maandag, 14 April | : Ouermiddag Gr. 1 – 7 (14:00 tot16:00) |
| Dinsdag, 15 April | : Netbal vs DF Malherbe (weg) |
| Woensdag, 16 April | : Skaak – Eligwa vs DF Malherbe by Eligwa. |
| Vrydag, 18 April | : GOEIE VRYDAG |
| Maandag, 21 April | : FAMILIEDAG |
| Dinsdag, 22 April | : Netbal vs Volkskool (tuis) |
| Woensdag, 23 April | : Skaak – Eligwa vs Lumiere en Vaal Triangle by Eligwa. |
| Donderdag, 24 April | : Rugby vs Parys (tuis) |
| Vrydag, 25 April | : SKOLE SLUIT |
| Maandag, 5 Mei | : SKOLE HEROPEN |
| Dinsdag, 6 Mei | : Rugby vs Fonteine (weg)<br>: Netbal vs Emfulenipark (weg) |

| | |
|---|---|
| Woensdag, 7 Mei | : Skaak – Eligwa vs Emfulenipark en Fonteine by DF Malherbe. |
| Vrydag, 9 Mei | : KARNAVAL |
| Saterdag,10 Mei | : Minisport by Midvaal |
| Dinsdag, 13 Mei | : Netbal vs Risiville (tuis) |
| Woensdag, 14 Mei | : Skaak – Eligwa vs Vaalpark en Kollegepark by Noordskool. |
| Donderdag, 15 Mei | : Rugby vs Frankfort (tuis) |
| Vrydag, 16 Mei | : Minisport by DF Malherbe |
| Saterdag,17 Mei | : Ma en dogter oggend |
| | : Minisport by Noord Primêr |
| Dinsdag, 20 Mei | : Netbal vs Midvaal (tuis) |
| | : Rugby vs Noordskool (weg) |
| Woensdag, 21 Mei | : Skaak – Eligwa vs Noordskool en Oakwood by Kollegepark. |
| Vrydag, 23 Mei | : Detensie 3 |
| | : Minisport by Emfulenipark |
| Saterdag, 24 Mei | : Eligwa Skaaktoernooi |
| Dinsdag, 27 Mei | : Netbal vs Kollegepark (weg) |
| | : Rugby vs Emfulenipark (tuis) |
| Woensdag, 28 Mei | : Gr. RR, R en 1 Opedag |
| Donderdag, 29 Mei | : HEMELVAARTDAG. |
| Maandag, 2 Junie | : Kontroletoetse begin |
| Dinsdag, 3 Junie | : Netbal vs Vryheidsmonument (weg) |
| Vrydag, 6 Junie | : Koekverkoping Gr.1 en Gr. 5 |
| Vrydag, 13 Junie | : Ouma- en Oupadag |
| | : Kontroletoetse eindig |
| | : Detensie 4 |
| Maandag, 16 Junie | : JEUGDAG |
| Vrydag, 20 Junie | : Boekbuddies |
| Dinsdag, 24 Junie | : Boekuitstalling |
| Vrydag, 27 Junie | : Skool sluit. |

Eligwa groete



**BD BOSHOFF**
**HOOF**

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za

*"Waar leerders gelukkige en geborge, geletterd en gesyferd raak"*